durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

18 Augustus 2019

**18 Augustus 2019, NAGMAAL**
**Preekreeks: Triniteit - GEES**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Zimbabwe, Malawi, Mosambiek**

Word gebruik in die lande vir sendingaksies wat deur die NG Kerk hanteer word.

**25 Augustus 2019**
**Preekreeks: Triniteit - GEES**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Schalk van Wyk*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Leon Venter*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

**Deuroffer: Bybelverspreiding**

## NUUS:

18 Aug: Nagmaal
Gawes v.d. Gees kursus
19 Aug: Kerkraadsvergadering
23 Aug: Bevrydingskursus,
Uitreikgeleentheid
TGIF-Mannekamp
24 Aug: Betesda–mark
25 Aug: Bybelsondag
1 Sept: Doop



## Diep spore getrap

André Janse van Vuuren (of ou grote, Fires, Oom André) - tree af aan die end van Augustus na nege jaar ses maande se diens by Durbanville-Bergsig.

Hy het as kind in die Oos-Kaap (Dordrect) grootgeraak en was twintig jaar in die weermag (Luitenant Kolonel). Daarna het André in die versekeringsbedryf gewerk, 'n paar jaar by Radio Kansel en toe Bergsig.

André is baie lief vir sing en het soms voorsang by die Klassieke diens gedoen.

Ons is dankbaar vir sy nougesette, getroue bydrae om die fasiliteite so mooi te onderhou. André word as staatmaker beleef wat met presiesheid sy take uitgevoer het.

Hy was lief om sy "warm broodjie" met almal te deel vir middagete en die personeel te verras met Cathy se lekker beskuit met teetyd of koffietert op sy verjaarsdag.

Dit is vir hom 'n vreugde om die grasperk in 'n goeie toestand na die droogte te laat voor sy vertrek en kyk net hoe mooi het dit herstel! Ons wens André en Cathy voorspoed toe vir hul aftrede in Upington naby hul seun. Ook hartlik geluk met jul vyftigste huweliksherdenking. Ons onthou hoe mooi en lekker jy en Cathy gedans het by die 'Denim & Diamond' aand - **mag julle volgende fase 'n vreugdevolle dans wees.**

## BETESDA-MARK boeke en nogmaals boeke

Betesda Uitreikprojek vir Gestremdes se maandelikse R10 Boek, CD, DVD en viniel langspeelplate verkoping vind plaas op Saterdag, 24 Augustus 2019 by Bergsig Kerksentrum van 8:00 - 14:00. Koffie, tee, pannekoek, tuisgebakte pasteie en soetigheid en ander

**Vervolg op bladsy 2**



# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### Betesda-mark vervolg van voorblad

snuisterye is ook te koop.

Die projek ondersteun persone met een of ander beperking wat finansieel, fisies, intellektueel, emosioneel, geestelik of ander omstandighede kan wees. Dit sluit in die 7 inwoners van **Huis Masonic** vir persone met kwadruplegie in Gazellestraat, Uitzicht en die 5 kinders met ernstige en diepgaande intellektuele en fisiese gestremdhede van **Yarden Children's Enrichment Centre** in Crownsingel, Vierlanden en ander individue in die gemeenskap.

Die projek maak dit moontlik dat kinders van **Durbanville Kinderhuis** en persone uit die gemeenskap gratis kan deelneem aan **PerdePret** 'n terapeutiese aktiwiteit met perde.

***Indien u boeke, DVD's, CD's of viniel plate wil skenk kan u dit by die Bergsig kerksentrum aflaai of ons sal dit by u afgehaal.***

Vir meer inligting oor die projek en die mark skakel Hans Human by 082 549

## Bergsig-Uitreikhulp

### Breiversoek aan gemeentes!

Die bevordering van vroeëkindontwikkeling via gemeentes bly een van die sinode se fokusareas.

Van die noodsaaklike vaardighede wat 'n drie- tot vierjarige kind moet bemeester, sluit in fynspierkoördinasie, oog-handkoördinasie, sowel as tekstuur, kleur- en vormherkenning.

Balspel help in die ontwikkeling van al hierdie vaardighede en daar is 'n groot behoefte aan hierdie gebreide balle (en aan breiers self).

Dit kos min (afvalstukkies wol word gebruik) en is maklik om te doen - die patroon is op die webblad of by kerkkantoor beskikbaar.

Enigiemand wat belangstel om te help deur te brei óf net wol of ou koerante en gebruikte lemoen- en broodsakkies te skenk, waarmee die bal opgestop word, kan Nicola Vermeulen kontak by 071 383 7937.

## Versorging

Die maatskaplike ondersteunings fonds waarmee Bergsig hulpbehoewende lidmate en soms nie-lidmate help, is uitgeput. Ons vra hulp en donasies sodat ons fondse het om mense te kan help met huishuur, spesiale skoolgelde, dokter en sielkundige besoeke, assesering van kinders en ander nood.

Baie dankie vir die die hulp en betrokkenheid wat ons klaar ontvang.

Vir meer inligting kontak vir Liezl by geestelikeversorging@bergsigdv.co.za

## Geloofsgelofte-Offers (GGO)

Ons bedank almal wat reeds hul vorms voltooi het en gaan bydra of bygedra het tot die GGO. Enige persone wat meer wil uitvind en wil bydra kan die kantoor skakel.

## Bergsigprojekte oor grense

**THAILAND GEBEDBEDIENING:**

Oom Klasie en Tannie Ida van Heerden is terug in die land.

Die Van Heerdens sal ook binnekort meer verduidelik hoe hulle bediening voortaan gaan werk. Enige persone met onmiddelike navrae kan ook die kantoor skakel.

Shiloh community in action

### Kombersies skenkings terugvoer

Baie dankie vir julle hulp om saam met ons 'n verskil te maak. Ons het genoeg kombersies ingekry om twee van die Shiloh kleuterskole en 'n ouetehuis in Kraaifontein met knie-kombersies vir die winter te voorsien.

Dankie vir julle hulp.

Delene Kleyn (Shiloh) 0723707198



## Voorbidding

*Bel Ds. Mizelle by 083 394 1101 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na: ds.mizelle@bergsigdv.co.za*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hannetjie Lammers | Akasialaan 10, 0833102467 | Suster oorlede | Troos & Bemoediging |
| Luan Gous | 2 Wild Olive Cres. 072 529 0207 | Dat dokters Luan se siekte sal kan diagnoseer | Herstel en bemoediging |
| Hanli Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Operasie | Herstel en bemoediging |
| Loui Griebenouw | | Ouma oorlede | Troos en bemoediging |
| Familie van Magriet Roeland | Fairtrees 12, | Magriet oorlede | Troos en bemoediging |
| Familie van Johann du Toit | | Johann oorlede | Troos en bemoediging |
| Antoinette Heyns en kinders | Cadizstraat 22, 082 822 0142 | Man en pappa oorlede | Troos en bemoediging |
| Charlotte Lingenfelder | Constantiastr. 18, 021 976 8434 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Richard Myburgh | Chantilly 24, 021 975 8247 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | Herstel en bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | Herstel en bemoediging |

**Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106**

**INcontext** as Christene bid ons ook saam vir die wêreld, daar waar ons self nie kan wees nie. Ons bid die week vir die onderstaande.

Wanneer ons saam bid vir die Vervolgde Kerk raak hul geestelike las ligter omdat mede Christene aan hulle dink en voorbidding doen.







## Kraaifontein-Noord hou Basaar

**Saterdag 7 September 2019.**
Plek: Fanie Theron Laerskool in Bosmanstraat Kraaifontein.

Basaar open 09:00. **ALLES** wat u by 'n Basaar soek sal daar wees!

Kom kuier en geniet die dag saam met ons!!




**BEVRYDINGSKURSUS 23-25 AUGUSTUS 2019**

**Aanbieders: Pieter & Helene Theron**

Die lesings word oor `n naweek aangebied. Die kursus begin Vrydagaand, duur die hele Saterdag en eindig Sondagmiddag.

Bevrydingsessies kan tydens die kursus vir die Maandag en Dinsdag na die naweek bespreek word.

**Tye: Vrydagaand 19:00 – 21:30, Saterdag 9:00 – 18:00, Sondag 14:00 – 18:00**

**Koste: R630 pp - sluit kursushandleiding, koffie/tee en beskuit in.**

(Saterdag: 13:00- 14:00 Bring iets te ete saam)

**Kontak: Liezl Loubser Tel: 021 976 4106 (x106)**



Die Medihelp Tekkie Challenge, ten bate van Jan Kriel se kinders, vind Saterdag 7 September 2019 plaas.

Deelnemers kan inskryf vir 'n 5km of 10km of die nuwe 21km by www.racetraq.co.za.

## STILBAAI SELFSORGWOONSTEL

Ten volle toegerus.

Slaap 2 volwassenes en 2 kinders.

Stap afstand vanaf see, rivier en hawe.

**Kontak Elize 028 - 754 3507**

**083 4159 175**

## Buhrein aftree-oord

'n Nuutgeboude 2 Slaapkamer, 1 badkamer eenheid in Buh-Rein Aftree-oord is te huur. Dit is 'n grondeenheid van 66 m² met 'n privaat buite tuin area van 33 m².

Troeteldiere word toegelaat.

Maandelikse huur is R 10,000.

Die volgende is ingesluit by die huur:

Weeklikse toegang tot die primêre gesondheidskliniek

5 dae per jaar gratis gebruik van "recuperative care" by die Versorgings Sentrum

24 uur nood diens

15% afslag op permanente akkomodasie in die Versorgings Sentrum

12 hoof etes gedurende die week by die klubhuis

5 kg wasgoed per week.

Fasiliteite in die Aftree oord sluit o.a. die volgende dienste en infrastruktuur in: Dimentia en Versoringssentrums, gemeenskap groentetuin, lapa, jukskei / rolbal baan, verhitte swembad, biblioteek, aktiwiteitskamer, klubhuis, gimnasium, werkswinkel en stokperdjie kamer, stoorkamers, wasgoedkamer/diens, shuttle diens, restaurent en deli. **Kontak j_scholtz@live.co.za of 082 445 8929 of 082 562 4364**

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende

Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za






BRING leë glasbottels groot en klein vir inmaak van konfyt ens. vir die Plaasfees?

**AU PAIR BENODIG**

Indien jy 'n Au Pair is of weet van iemand wat 'n betrekking soek bel Annamare Visser 021-976 4106 (x103)

**NUUT HIER?**

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel:

**http://bit.ly/nuwelidmate**

Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

# ONS DAAGLIKSE BROOD

## STERKPUNTE

**1 Kronieke 29:14 …** Alles kom tog van U af en **ons gee aan U wat ons van U gekry het.**

**Gebed:** Here, dankie dat u genade en liefde altyd oorvloedig vir ons is.

Bergsig Gemeente snap sy bestaansdoel en roeping en leef daarom binne die teenwoordigheid van die Heilige Gees in navolging van Christus.*2015 Gemeentevraelys

Finansiële bydraes deur gemeentelede help Bergsig om haar roeping uit te leef in die Koninkryk ten spyte van baie uitdagings.

Bergsig is opgewonde oor die volgende **sterkpunte**:

| | |
|---|---|
| **Eredienste** | Eietydse, Woordgetroue prediking met warm amosfeer. |
| **Goed funksionerende bedieninge** | • Sekuriteit vir ouers wat kinders afgee<br>• Oplossinggedrewe leierskap<br>• Gesinsgedrewe, kruiskulturele uitreike<br>• Seniors: Bybelstudiegroepe<br>• Vroue: Susters Connect<br>• Manne: TGIF Mannekonferensie<br>• Maatskaplike versorging: Daar is bv in die afgelope boekjaar R49 649 se kos op 53 geleenthede voorsien |
| **Toerusting** | Kursusse word in baie bedieninge deurlopend aangebied sodat lidmate hul roeping beter verstaan en uitleef. 'n Getal van 133 mense ontvang formele opleiding in 2019 |
| **Gasvryheid** | Besoekers en nuwe lidmate ervaar Bergsig as verwelkomend. |
| **Sterk vrywilligerspan** | Heelwat lidmate betrokke by bedieninge volgens hul gawes. |
| **Saai saam** | • Die kinderbediening benut dieselfde tydgleuf as die volwasse bedieningsgeleendhede soos met Pinkster en Getuienisweek om die jeug blootstelling te gee aan "grootmens" inligting op 'n prettige manier.<br>• Dissipelskap: bereik ander en rig op om vrug te dra in die Koninkryk bv. Attie van Wyk & Spes Bona |
| **Betrokkenheid** | Geleenthede soos bv. Plaasfees word uitstekend ondersteun deur gemeentelede en bygewoon deur die breër gemeenskap |
| **Kundige personeel** | Kennis en vaardigheid op verskeie terreine binne een span |

*Thomas Jefferson het gesê:*
*Never spend your money before you have it.*



**Kontak Pieter Henning vir meer inligting**
**bestuurder@bergsigdv.co.za**






## Durbanville/Bergsig Seniors

**ONS HOU BASAAR**

Donderdag: 29 Augustus 2019

Tyd: 9:00

Plek: Bergsig-Gemeente

Kom ondersteun en kuier met ons Seniors.

**Gebak**
**Pannekoek**
**Poeding**
**Kerrie en Rys**
**Jaffels**
**Allerlei**
**Koffie en tee**

Lede wat die uitstappie op Donderdag 26 Sept. na TOEKA - Agter Paarl - wil meemaak moet op 29 Aug hul R100 per lid betaal.







zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to donate now

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 018 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810